

## Vertrou die Here ook met jou slaap

Wie van ons het nie al vir 'n paar oomblikke ingesluimer tydens 'n lesing, 'n opvoering, of 'n fliek nie? Of dalk tydens 'n kerkdiens? Maar dit kos moed om te doen wat die skaakkampioen van die wêreld, Magnus Carlsen, gedoen het. In 2014, tydens 'n skaakwedstryd teen Viswanathan Anand om die wêreldkroon, het hyself 'n vinnige uiltjie geknip. Fotos en video's hiervan het wêreldwyd opslae gemaak.

Dit lyk my ons almal kort meer slaap. Rus is noodsaaklik vir ons elkeen se fisiese gesondheid. Dit maak ook 'n belangrike deel uit van ons geestesgesondheid. Psalms 3 en 4 leer by name vir ons dat om rustig te slaap, ook dui op ons vertroue in die Here. In Psalm 3 skryf Dawid dat hy deur vyande omring is. Nogtans bely hy hier in vers 5 dat die Here hom goed laat slaap en dat Hy hom ook weer laat wakker word. In Psalm 4:8 skryf Dawid weer dat hy in die aand rustig aan die slaap kan raak, omdat sy vertroue in die Here geanker is. Doen asseblief dieselfde. Plaas jou lewe in God se hand en gaan slaap elke aand in vrede.


deur **Stephan Joubert**

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak  
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente  
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie  
Marinda Jordaan  
Ria Putter  
Maria Steyn  
Sampie Swart  
Oom Eberhard Carshagen  
Annika Kilian  
Louis Strauss  
Ina van der Merwe  
Petro Schneider  
Jaco Steenkamp  
Heleen J v Vuuren  
Lola Viljoen  
Jeanette Mostert  
Stefaans du Plessis  
Marius van Niekerk  
Oom Stoffel Reynders  
Arno Claassens  
Oom Cedric Wiegand



**Geseënd is die man wat op die Here vertrou, en wie se vertroue die Here is.**  
**JEREMIA 17:7**

[Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer...](#)  
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**  
**Rekno.: 0520580654**  
**Takkode: 632005**

## Dank Gebede



-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk  
-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf  
-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!  
-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.  
- Dankie vir U **wondergroot genade...**  
- HERE, ek het U lief! AMEN



## Gedagte vir die week



Vertrou op die **HERE**  
met jou hele  
hart